



Kommunale boere kan groot vonk wees

Binne die volgende tien jaar kan aansienlike groei in die produksie van wol in die kommunale wolgebiede Suid-Afrika in die voorste plek in die internasionale wolwedloop plaas.

Dit word as een van die groot triomfe van samewerking in Suid-Afrika beskou. Na raming hou kommunale boere nagenoeg 26% van die 15 miljoen wolskape in Suid-Afrika aan. Die produksie van wol uit kommunale geleedere het van 2000 tot 2019 met 995% toegeneem, met 'n hoogtepunt van 6,24 miljoen kilogram wol in 2017.

Volgens die jongste BFAP-basislyn vir die tydperk 2021 tot 2030 kon die wolbedryf danksy openbare en private vennootskappe kommunale boere suksesvol bystaan om 'n hoëwaardekommoditeit vir die uitvoermark te produseer.

Mnr. Leon de Beer, bestuurder van die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV), sê die wolinkomste van kommunale boere kan na verwagting verdub-

bel tot R700 miljoen per jaar.

Die voortsetting van die finansiering van die baie suksesvolle genetiese verbeteringsprojek, die oprig van skeerinfrastruktuur deur die staat, asook private ondersteuning is uiters belangrik om dié groei te kan vermag. Die departement van grondsake en landelike hervorming het egter die finansiering van die verbeteringsprojek in 2019 opgeskort.

Danksy staatsfinansiering vir die projek is daar sedert 2002 nagenoeg 3 000 ramme per jaar in die kommunale wolgebiede versprei om sodoende die wolgehalte te verbeter. Altesaam 48 000 ramme is dus in dié tydperk onder kommunale boere versprei, en wolproduksie het van 223 000 kg in 2002 tot 5,4 miljoen kg in 2018 toegeneem. Dié wol is hoofsaaklik vir China bestem.

“Grootsekaalse genetiese verbetering van die skaapkuddes is onontbeerlik en be-

DIE GEHALTE van wol vanuit die kommunale gebiede het oor die afgelope twee dekades verbeter. Verdere steun is nodig om kommunale kuddes op te gradeer tot op vlakke waar dié boere self gehalteramme kan bekostig en aankoop om selfstandiger te kan boer. FOTO: MARLEEN SMITH

hoort voorkeuraandag te kry, tesame met voldoende en geskikte skeerinfrastruktuur,” sê De Beer.

GEE HIERAAN AANDAG

Daar moet hard gewerk word om boere se produksiestandaarde aan te pas vir beter produktiwiteit.

“Oorbeweiding moet aandag kry. Veldbestuurstelsels moet ingestel word, saam met beplande produksiestelsels waarin 'n korrekte dek- en lamseisoen gevolg word om seisoenale siklusse optimaal te benut.”

De Beer voeg by dat veesuipings en kampe tans steeds grootliks ontbreek.

Die proses moet ondersteun word deur 'n doeltreffende adviesdiens en mentor-skapprogram. Die NWKV se ontwikkelingsprogram in die kommunale gebiede van die Oos-Kaap gaan steeds voort.

Dit word gedoen volgens 'n kontrak met Cape Wools en deur die Woltrust gefinansier. Die program word op grondvlak bestuur deur sewe opgeleide produksie-adviseurs met bewese ervaring. Twee van die poste word sedert Junie vanjaar gefinansier deur 'n kontrak met Ethical Trade Norway (ETN), met geld van die Noorweegse regering.

Op die pad na groter volhoubaarheid staan mentors boere by oor aspekte wat wissel van weidingsbestuur, dieregesondheid en dierewelstand tot roofdierbestuur en seleksie.

Plaaslike wolstrukture binne die kommunale gebiede kry ook ondersteuning en opleiding om leiers te help om 'n doeltreffender en funksionele ondersteuningsrol te ontwikkel.

Die NWKV het 'n ooreenkoms met die nie-regeringsorganisasie Fulirex aangegaan om die ETN-projek in werking te stel, met die rol van vroue in wolproduksie wat veral aandag kry.

Kommunale boere se toegang tot inter-